



Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INOUGURELE REDE NR. 161

DIE STORIES WAARBINNE ONS LEEF – IMPLIKASIES VIR PSIGOTERAPIE, OPLEIDING EN NAVORSING

Prof CA Venter

Inouguerele rede gehou op 4 September 1998

Publikasiebeheerkomitee
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
2520

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Publikasiebeheer Komitee
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
2520 POTCHEFSTROOM

Kopiereg © 2000 PU vir CHO

ISBN 1-86822-375-2

DIE STORIES WAARBINNE ONS LEEF – IMPLIKASIES VIR PSIGOTERAPIE, OPLEIDING EN NAVORSING

C.A. (Chris) Venter

INLEIDING

Die huidige tydperk waarin ons leef, word deur talle teoretici getipeer as postmodernisties. Daar bestaan tans geen duidelike, samehangende postmodernistiese skool/benadering in die Psigologie nie. Dit blyk egter uit die literatuur dat daar talle teoretici/terapeute is wat goed daarin slaag om van die postmodernistiese standpunte in hulle werk te verreken, veral die sogenaamde narratiewe terapeute.

Die narratiewe benadering in die Psigologie sal vervolgens bespreek word deur op die teoretiese onderbou van so 'n benadering ("die stories waarbinne ons leef") te let en die implikasie wat dit inhou vir psigoterapie, opleiding en navorsing. In navolging van De Shazer word die term psigoterapie deurgehaal, want hy is soos talle ander terapeute van mening dat die terme terapie en psigoterapie nie toepaslik is vir die gesprekke wat tussen terapeute en kliënte plaasvind nie. Vanweë die gebrek aan 'n ander bekende term gebruik De Shazer steeds die benaming psigoterapie, maar haal dit deur.

DIE STORIES WAARBINNE ONS LEEF


Elke persoon bekom deur sy/haar lewe 'n groot hoeveelheid kennis van die wêreld en die lewe rondom hom/haar. Sosiaal – wetenskaplikes is van mening dat persone hierdie kennis oor die lewe bekom deurdat hulle, hulle beleefde ervarings interpreteer. Die teoretici postuleer dat die intellektuele raamwerk wat deur persone hiervoor gebruik word die storie is.

In 'n poging om die lewe te verstaan, organiseer persone hulle ervarings van gebeure oor die tyd heen sodat hulle kan kom tot 'n samehangende en geïntegreerde beeld van hulself en die wêreld rondom hulle. Hierdie weergawe kan beskou word as 'n persoon se storie of selfnarratief. Hierdie stories is belangrik, want dit skep by 'n persoon 'n gevoel van betekenis en kontinuïteit en 'n persoon gebruik hierdie stories om sy/haar daaglikse lewe te orden en verdere lewensgebeure te interpreteer en te orden. Uiteraard beskik elke persoon oor 'n groot aantal stories oor

die self, ander persone en verhoudings. Navorsing het getoon dat bogenoemde gebruik van persone om hulle beleefde ervaringe in 'n storie te vorm/vervat 'n baie natuurlike proses is, en dat dit vir persone natuurlik is om hulle self en hulle daede deur middel van stories voor te stel.

Persone is ryk aan beleefde ervaringe en daarom kan slegs 'n deel van dié ervaringe opgeneem word in sy/haar storie: 'n groot deel van 'n persoon se beleefde ervaringe val buite die dominante stories wat hy/sy het oor sy/haar lewe en verhoudings. Genoemde ervaringe wat buite 'n persoon se dominante stories val, word beskou as alternatiewe stories of unieke uitkomst. Soos dit reeds aangedui is, rig en vorm hierdie dominante stories 'n persoon se lewe, want hy/sy selekteer uit die lewenservaringe daardie gebeure wat inpas by die dominante stories wat hy/sy en ander het oor hom/haar en die lewe. In figuur 1 verskyn 'n voorstelling van bogenoemde dominante en alternatiewe stories wat in elke individu se lewe voorkom. Die geskakeerde dele (A) verteenwoordig die beleefde ervaringe wat opgeneem is in 'n persoon se dominante stories. Die ongeskakeerde dele (B) dui op die alternatiewe stories wat nie in 'n persoon se selfnarratief opgeneem is nie.

FIGUUR 1: 'N PERSOON SE DOMINANTE EN ALTERNATIEWE STORIES



In die daarstelling van 'n persoon se storie speel veral twee sake 'n uiters belangrike rol, naamlik die kultuur waarbinne 'n persoon leef en taal.

Elke kultuur het ook bepaalde dominante stories oor hoe 'n persoon moet wees en optree. Hierdie dominante stories dien dan as norm waarteen persone gemeet en beoordeel word. So byvoorbeeld moet 'n persoon in die Westerse kultuur individualisties, assertief en vooruitstrewend wees om as suksesvol beskou te word. Daar is ook sekere voorskrifte oor hoe mans en vrouens is, of moet wees en daar bestaan talle aannames oor persone wat tot minderheidsgroepe behoort. Hierdie voorskrifte word ondersteun en in stand gehou deur sogenaamde universele waarhede wat voorgedhou word as gevolg van die sogenaamde objektiewe wetenskaplike navorsingsmetodes. Volgens White rig en beheer hierdie sogenaamde waarhede oor menswees persone se gedagtes, hulle verhoudings met ander, hulle verhouding met hulself, selfs hulle verhouding met hulle liggame – hulle gebare en hoe hulle sit en beweeg.

In persone se generering van betekenis oor hulle beleefde ervaringe speel taal ook 'n uiters belangrike rol, want die lewe saam met ander is ingebed in taal. Persone se mening van realiteit en hulle betekenisgewing oor sake kom tot stand vanweë hulle interaksie met ander persone. Hierdie sosiaal – konstruktivistiese uitgangspunt word goed geïllustreer deur die woorde van Anderson en Goolishian, "... language does not mirror nature; language creates the natures we know" en "This position demands that we give up the view of humankind as the 'knowers' of the essence of nature. In its place is substituted a view of humankind in continuing conversation."

IMPLIKASIES VIR PSIGOTERAPIE

Dit blyk uit die literatuur dat veral drie groepe persone bekendheid verwerf het betreffende 'n narratiewe benadering tot hulpverlening, naamlik Michael White en David Epston, Harlene Anderson en Harold Goolishian, en Steve de Shazer. Elkeen van die groepe persone se benaderingswyse sal vervolgens kortliks verduidelik word.

• Die werk van Michael White

Vanweë die ooreenkoms tussen die werk van White en Epston word slegs verwys na die benadering van White. Volgens White ontwikkel 'n persoon moontlik emosionele probleme as een van die volgende situasies ontwikkel/voorkom, naamlik die persoon is vasgevang in stories wat ander persone oor hom/haar huldig en die persoon het

sodoende nie die geleentheid om sy/haar eie voorkeurstories uit te leef nie óf die persoon leef 'n storie uit wat nie 'n getroue weergawe is van sy/haar beleefde ervaringe nie en wat onbevredigend is en lei tot niks óf die persoon leef 'n storie uit wat die dominante storie van sy/haar kultuur verteenwoordig. Opsommend gestel: 'n persoon leef nie sy/haar beleefde ervaringe genoegsaam uit nie en word vasgevang in 'n storie wat beperkend is.

In sy gesprekke met mense poog White om hulle te help om hulle alternatiewe stories raak te sien en dit te begin uitleef (vgl. figuur 1). Tydens die gesprekke soek hy saam met die kliënt(e) na unieke uitkomstes in die persoon se lewe, d.w.s. na tye/tydperke wat die persoon nie dié betrokke probleem ervaar het nie. So byvoorbeeld kan aan 'n sogenaamde depressiewe persoon gevra word of daar tye in sy/haar lewe was dat hy/sy nie depressief was nie en hoe hy/sy dit ervaar het en ook reggekry het om nie die probleem uit te leef nie. Die fokus van die gesprekke verskuif sodoende na die "nie-depressiewe tye" in die persoon se lewe en deur die proses word die alternatiewe storie/s van die persoon se lewe uitgelig.

Indien die kliënt(e) so vasgevang is in sy/haar dominante storie dat dit moeilik is om te fokus op alternatiewe uitkomstes fokus White op die dominante storie, maar dan op 'n besondere wyse. Hy objektiveer en personifiseer die probleem deur gebruik te maak van 'eksternaliserende' gesprekke ("externalising conversations"). In hierdie proses word die probleem 'n afsonderlike entiteit en sodoende ekstern tot die persoon of die verhouding wat as problematies beskryf is. Die probleem word dus nie meer as inherent tot die individu beskou nie; daarom is dit minder gevestig en kan daarop gereageer word. So byvoorbeeld kan die volgende vrae aan 'n sogenaamde depressiewe pasiënt gestel word: "Wanneer het die probleem in jou lewe gekom? Watter effek het die probleem op jou as mens, jou werk en jou verhoudingslewe met jou man(vrou) en kinders? Watter gelowe het jy as mens oor jouself ontwikkel as gevolg van die probleem? Wat doen jy om hierdie probleem deel van jou lewe te hou?"

In sy werk is White baie kreatief. So byvoorbeeld oorhandig hy sertifikate van prestasie/erkenning/oorwinning aan kinders wat hulle probleme oorwin het en word hulle aangedui as persone wat in die toekoms ander kinders met soortgelyke

probleme kan help. 'n Klassieke voorbeeld van so 'n sertifikaat is “Breaking the grip of sneaky poo certificate” wat soos volg lui:

This certificate is awarded to for taking his life out of the grip of “Sneaky Poo”. Now Sneaky Poo is in’S grip, and he can put Sneaky Poo where it belongs.

Sneaky Poo was messing up’S life, and often gave him a really hard time by sticking around when it wasn’t wanted. Sneaky Poo even tried to trick into believing that it was his playmate.

Now that doesn’t have a messed up life, Sneaky Poo can’t give him a hard time and can’t trick him any longer. Anybody who would like to know how took his life out of the grip of Sneaky Poo can ask him some questions.

Congratulations!

Awarded on the day of 1989

Signed:

Michael White

Ander voorbeelde van sulke sertifikaat is “Beating sneaky wee certificate”, “Certificate of concentration” en “Escape from tantrums certificate”.


Dit blyk uit bogenoemde dat White in sy gesprekke met persone poog om hulle te help om hulle lewens te herskrywe (“re-author”).

- **Die werk van Harlene Anderson en Goolishian**

Volgens Anderson en Goolishian vorm die terapeut en die kliënt tydens die terapeutiese gesprekke 'n linguistiese sisteem (vgl. figuur 2). Tydens die gesprekke doen die terapeut gedurig navraag oor wat die kliënt sê om sodoende enige misverstande wat moontlik kan bestaan/ontstaan uit die weg te ruim. Alles wat deur die kliënt gesê

word, moet ernstig opgeneem word en elke stukkie inligting moet met ewe veel respek hanteer word – selfs klein stukkies inligting moet in die navraag ingeweef word. Die rede vir hierdie noukeurige navraag is omdat Gadamar meen dat alle taaluitinge onvoltooid is: elke taaluiting het onuitgesproke betekenis en moontlik nuwe interpretasies wat uitgespreek kan word.

FIGUUR 2: ANDERSON EN GOOLISHIAN SE BENADERING TOT TERAPIE



In hierdie dialoog tussen die terapeut en die kliënt ontvou daar sodoende gedurig nuwe betekenis en nuwe stories (vgl. figuur 2). Gevestigde betekenis (en gedrag wat daarmee saamhang) word ruimte gegun, uitgebrei, geskuif en verander. Hierdie ander beskrywings en betekenis wat deur verkenning na vore kom, word nie langer in taal as 'n "probleem" geëtiketteer nie en dusdoende verdwyn ("dis-solve") die probleem. Bateson se uitspraak, "..... making room for the familiar leads to room for the novel" is hier goed van toepassing.

Volgens Anderson en Goolishian moet die terapeut dus ruimte skep vir die kliënt om die "not-yet-said" uit te spreek, want dit is die bron/stukrag wat verandering kan

meebring. Volgens hulle is die bron van verandering nie geleë in die onbewuste óf enige ander psigiese struktuur óf in die sel of biologiese struktuur óf in 'n sosiale struktuur soos die gesin nie, maar in die "circle of the unexpressed". Volgens genoemde twee outeurs is die terapeut dus 'n "conversational artist", 'n "architect of dialogue": die terapeut moet 'n ekspert wees om ruimte te skep vir die generering en instandhouding van dialoog sodat die "not-yet-said" uitgespreek kan word.

Hierdie dialoog word vervolgens goed deur die woorde van Tom Andersen opgesom: "So-called 'therapeutic' talk might be regarded as a form of search; a search for new descriptions, new understandings, new meanings, new nuances of the words, and ultimately of new definitions of oneself" en deur die woorde van Becvar en Becvar, naamlik: "Meaning and perception are embedded in language, and language becomes the vehicle for change as reflected in the vocabulary used; ...".

Dit blyk uit bogenoemde bespreking dat alhoewel Anderson en Goolishian fokus op die persoon se probleem (die sogenaamde dominante storie – vgl. figuur 1), hulle nie fokus op probleemoplossing nie, maar op dialoog waardeur die betekenisveranderinge wat plaasvind daartoe lei dat die probleem verdwyn ("dis-solve").


'n Voorbeeld van so 'n benadering van terapie is die volgende: in die navraag rakende 'n persoon se depressie blyk dit dat die depressiewe simptome slegs voorkom indien die persoon nie assertief optree om sekere dinge wat van haar verwag word te weier nie; navraag rakende haar nie – assertiewe optrede lei tot nuwe inligting oor haar opvoeding en die dominante stories wat daar in die kultuur bestaan wat verband hou met bedagsaamheid teenoor ander mense; dié bespreking lei tot die "irrasionele" gedagtes wat sy oor die sake het. In die enkele gesprekke wat gevoer is, is daar dus talle nuwe betekenisinhoudes geskep rakende haar "oorspronklike" probleem, en die probleem het verdwyn toe sy gereageer het op die nuwe betekenisinhoudes wat ontdek is.

- **Die werk van Steve de Shazer**

Soos Anderson en Goolishian, fokus De Shazer ook op dit uitbreiding van betekenis van die persoon se probleem (dominante storie). In sy "binocular theory of change" gebruik hy die mooi beeld van visie en dieptewaarneming om die werk

van die terapeut en die klient ("psychotherapy") uit te beeld (vgl. figuur 3). Vanweë die geringe verskil wat tussen die regter – en die linkeroog waargeneem word, word die bonus van dieptewaarneming verkry. Op dieselfde wyse kan die verskille in die sienings, betekenisgewing en beskrywings van die terapeut en die klient ook lei tot 'n bonus in terapie, naamlik dieptewaarneming. Indien daar in spanverband gewerk word, verwys Maruyama daarna as "...a polyocular theory of change...".

FIGUUR 3: DE SHAZER SE BENADERING TOT PSIGOTERAPIE



Uiteraard is dit belangrik dat die siening van die terapeut nie te veel moet verskil van dié van die klient nie, anders sal die bonus van dieptewaarneming verlore gaan. Sluzki waarsku ook daarteen dat die terapeut se (nuwe) storie nie te veel moet verskil van dié van die klient nie.

Anders as by Anderson en Goolishian, wat probleemontbinding beklemtoon, fokus De Shazer op die oplossing van die probleem. Hy sal in sy terapie fokus op die wyse waarop 'n persoon sy/haar probleem hanteer, wat hy/sy beter doen in sy/haar

probleemoplossing en hoe hulle dit reggekry het. Na aanleiding van Gergen en Gergen se uitsprake meen De Shazer ook dat daar drie soorte narratiewe kan voorkom in persone se stories, naamlik progressiewe, stabiliteits- en regressiewe (of digressiewe) narratiewe. Eersgenoemde narratiewe dui op persone se bereiking van hulle doelstellings, stabiliteitsnarratiewe word gekenmerk daardeur dat persone se lewens onveranderd bly en laasgenoemde narratiewe dui daarop dat persone se lewens weglei/-beweeg van hulle gestelde doelstellings af. Vanweë sy fokus op verbeterde probleemoplossing deur persone, help De Shazer hulle om progressiewe narratiewe in hulle lewens in te bou, d.w.s. hy help hulle om nuwe stories wat op verandering dui in hulle lewens te konstrueer. As die persone agterkom dat hulle sekere veranderinge in hulle lewens kan aanbring, sal hulle 'n gevoel ontwikkel dat hulle beheer oor hulle lewens het en kan uitoefen.

IMPLIKASIES VIR OPLEIDING


Uiteraard het bogenoemde sienswyses van die onderskeie teoretici/terapeute belangrike implikasies vir die opleiding van voornemende terapeute. Die opleiding van studente vanuit 'n narratiewe raamwerk verskil grootliks van die opleiding van persone vanuit die tradisionele benadering.

In die tradisionele wyse van opleiding word 'n aantal aspekte sterk beklemtoon, naamlik:

- Die supervisor/dosent wat beskou word as 'n ekspert, leer aan die student toepaslike kennis sodat hy/sy hom-/haarself as 'n ekspert kan beskou in die terapeutiese verhouding met die pasiënt (vgl. figuur 4). Die student word geleer om 'n ekspert te wees in onderhoudstegnieke en diagnose sodat hy/sy die kliënt se onderliggende probleme kan verstaan en spesifieke voorstelle vir herstel kan aanbeveel en implementeer. In hierdie gesprekke word kompleksiteit en onsekerheid geminimaliseer deurdat die inligting deur spesifieke vraagstelling afgetregter word om by 'n diagnose uit te kom (vgl. figuur 4). In hierdie proses, waar daar dikwels gehandel word volgens spesifieke voorskrifte vanuit sekere modelle, word die kreatiwiteit en verbeelding van die terapeut gestrem/belemmer. Die student word ook geleer dat daar tydens die proses nie plek is vir sy/haar eie verworwe lewenskennis/-ervaringe nie en dat dit naïef en onvanpas sou wees om dit tydens die gesprekke te betrek.

van die terapeut en die kliënt ("psychotherapy") uit te beeld (vgl. figuur 3). Vanweë die geringe verskil wat tussen die regter – en die linkeroog waargeneem word, word die bonus van dieptewaarneming verkry. Op dieselfde wyse kan die verskille in die sienings, betekenisgewing en beskrywings van die terapeut en die kliënt ook lei tot 'n bonus in terapie, naamlik dieptewaarneming. Indien daar in spanverband gewerk word, verwys Maruyama daarna as "...a polyocular theory of change...".

FIGUUR 3: DE SHAZER SE BENADERING TOT PSIGOTERAPIE




Uiteraard is dit belangrik dat die siening van die terapeut nie te veel moet verskil van dié van die kliënt nie, anders sal die bonus van dieptewaarneming verlore gaan. Sluzki waarsku ook daarteen dat die terapeut se (nuwe) storie nie te veel moet verskil van dié van die kliënt nie.

Anders as by Anderson en Goolishian, wat probleemontbinding beklemtoon, fokus De Shazer op die oplossing van die probleem. Hy sal in sy terapie fokus op die wyse waarop 'n persoon sy/haar probleem hanteer, wat hy/sy beter doen in sy/haar


- Die student word geleer dat daar sekere eksptforums is waar hy/sy in die toekoms erkenning vir sy/haar werk kan ontvang en dat sekere van hierdie forums belangriker is as ander. So byvoorbeeld dien nasionale en internasionale vakkongresse en publikasies in gesubsideerde nasionale en internasionale vaktydskrifte as eksptforums van erkenning.
- In die lig van die vorige aanname kan slegs sekere persone dan getuies wees van die voornemende terapeute se werk. Gesien teen die agtergrond van Babara Meyerhoff se metafoor dat 'n persoon se lewe soos 'n klub is – en jou vriende dan klublede – word die voornemende terapeut geleer dat hy vanweë sy werk talle nuwe spesifieke klublede sal bykry.

FIGUUR 4: TRADISIONELE WYSE VAN OPLEIDING EN SUPERVISIE



Volgens Michael White lei bogenoemde gebruike onder andere daartoe dat die student sy/haar eie lewe as mens maklik vergeet, want sy/haar eie lewenskennis en -ervaringe en sekere belangrike klublede word deur dié proses gemarginaliseer. Die student het dan twee lewens, een as terapeut en een as mens (vgl. figuur 5). Volgens White lei dit tot 'n dun/arm beskrywing van die student se lewe as terapeut, en hy (White) meen dat dit 'n rede kan wees vir die wanhoop, moegheid en uitbranding wat soms by terapeute voorkom.

FIGUUR 5: TRADISIONELE OPLEIDING: STUDENT SE LEWE AS MENS EN AS TERAPEUT




In teenstelling met die bogenoemde tradisionele wyse van opleiding word die voornemende narratiewe terapeut ingelyf in 'n andersoortige kultuur van psigo-terapie. Benewens grondige opleiding in die onderskeie teoretiese modelle, ook die van 'n narratiewe benadering, word sekere belangrike aspekte beklemtoon, naamlik:

- Die student word geleer dat hy/sy nie 'n ekspert is nie en dat die kliënt die ekspert van sy/haar lewe is. Nieteenstaande die aanname moet die student leer dat die kliënt hom/haar maklik in die posisie kan plaas en daarom moet hy/sy versigtig wees om nie die dominante kultuur van die tyd op die kliënt te forseer nie (vgl. figuur 6). Die student word geleer om nie te soek na onderliggende oorsake vir die kliënt se probleem nie, want volgens Wittgenstein is ons "... not concerned with anything hidden because everything already lies open to view" en "It is true that in a sense there is something hidden, but not because it lies beneath the surface: rather, it is because it is right on the surface, in plain sight." Anders as by die

tradisionele benadering van opleiding word die student geleer om spasio/ruimte te skep tydens die terapeutiese gesprekke sodat nuwe betekenis/stories kan ontwikkel: sodoende word die kompleksiteit van die persoon se lewe, en die daarmee gepaardgaande onsekerheid waartoe dit kan lei in terapie, beklemtoon. Inligting word dus juis nie afgetregter nie, maar oopgemaak (vgl. figuur 6).


FIGUUR 6: NARRATIEWE WYSE VAN OPLEIDING EN SUPERVISIE



- Die student word geleer dat eie verworwe lewenskennis en – ervaringe belangrik is en in sy/haar werk betrek kan word. Sekere gesprekke kan met die student gevoer word, ten einde vas te stel wie sulke belangrike persone in sy/haar lewe was/is wat hom/haar “ingelig” het oor belangrike lewenswaarhede. Volgens White verseker hierdie proses dat belangrike verworwe lewenskennis – en ervaringe, asook klubledé van die student, nie uitgelaat word uit sy/haar lewe nie. Die student se lewe as terapeut en as mens sal sodoende nader aan mekaar wees en sy/haar lewe as terapeut sal dan digter/ryker beskryf wees (vgl. figuur 7).

In hierdie verband word graag verwys na ‘n praktiese voorbeeld waarby ek die voorreg gehad het om by betrokke te wees. In haar terapeutiese sessies met ‘n jong student het ‘n M-student (genaamd H) op “verrassende” wyse die metafoor van ‘n tromboseaanval se nagevolge gebruik om die student se eksterne lokus van kontrole uit te beeld.

FIGUUR 7: STUDENT SE LEWE AS MENS EN AS TERAPEUT



Die stadige herstelproses wat stapsgewyse moet plaasvind om van so 'n tromboseaanval te herstel, is gebruik om die geleidelike herstel wat moontlik nodig is by die student uit te beeld. Vanweë die “verrassende” metafoer, asook my kennis dat H se ouma 'n groot rol in haar lewe gespeel het, en steeds speel, het ek navraag gedoen waarom H juis die beeld gebruik het. Uit die gesprek het dit geblyk dat H baie bekommerd was dat haar ouma iets sal oorkom – soos 'n tromboseaanval kry – omdat haar ouma, wat tans sieklik was, so 'n rigtinggewende persoon in haar lewe is/was. Op navraag kon H ook aandui watter lewenswaarhede en – insigte sy deur die toedoen van haar ouma geleer het. Na die gesprek het H gerapporteer dat sy die wonderlike ervaring begin beleef het dat sy die teenwoordigheid van haar ouma, en dié se ryke kennis en insig, tydens sommige van haar terapisessies met mense kon ervaar. 'n Ontmoeting tussen H se ouma, die spreker en al die M-studente van H se klasgroep is toe gereël om aan H en haar ouma die geleentheid te gun om die betekenis en die verryking wat hulle verhouding hulle gebring het te bespreek. Deur die proses is H se lewe as terapeut baie ryker/digter beskryf en kon sy dit ook in haar werk ervaar.

- Die student word bewus gemaak daarvan dat die terapeutiese proses nie 'n eenrigtingverkeer is nie, maar 'n tweerigtingproses, d.w.s. dat sy/haar lewe ook ryklik beïnvloed word deur die kliënte wat hy/sy "help". Die student moet leer om waardering te ontwikkel vir die feit dat hy/sy deur kliënte die geleentheid gegun word om so nou/intiem by hulle lewens betrokke te raak, want die proses kan sy/haar lewe as terapeut, maar ook as mens, baie verryk. Hierdie waardering sal by studente ontwikkel as hulle geleer word om tydens hulle gespreksvoering met kliënte van die volgende aspekte bewus te wees:
 - Gesprekke waardeur kliënte alternatiewe stories in hulle lewens ontdek en 'n groot waardering daarvoor ontwikkel, kan daartoe lei dat die student opnuut waardering ontwikkel vir sekere bekende objekte en gebeure in sy/haar lewe.
 - Die ontdekking van alternatiewe stories in die lewens van kliënte, kan daartoe lei dat die student meer ingestel sal wees op die alternatiewe stories in sy/haar lewe as mens.
 - Gesprekke met kliënte waardeur hulle gehelp word om belangrike klublede in hulle lewens te identifiseer, kan daartoe lei dat die student meer ingestel sal wees op die ontdekking van, en waardering vir die persone wat 'n belangrike bydrae gelewer het in sy/haar lewe, ten opsigte van die verwerwing van belangrike lewenskennis en- insigte.
 - Gesprekke met kliënte wat handel oor uiters belangrike lewensake kan daartoe lei dat die student in toekomstige gesprekke met ander persone, maar ook tydens moeilike tye in sy/haar eie lewe, beelde van die kliënte en die gespreksinhoud herroep om hom/haar te ondersteun en/of te help.
 - Tydens gesprekke met kliënte word baie sogenaamde "oplossingskennis" ("solution knowledges") gegeneer: dit is die verskillende wyses waarop verskillende kliënte probleme in hulle lewens suksesvol hanteer. Hierdie kennis kan sinvol deur 'n student gebruik word in sy/haar gesprekke met ander kliënte, want ooreenkomste in probleemoplossing – maar ook unieke verskille – kan op die wyse aan kliënte deurgegee word. Dit lei daartoe dat kliënte 'n mate van ondersteuning en bevestiging ervaar vir hulle styl van probleemoplossing, maar dat hulle ook bewus kan word van hulle uniekheid.
 - Dit is algemene praktyk vir narratiewe terapeute om tydens die terapeutiese gesprekke, en selfs na die afhandeling van sekere sessies, by kliënte navraag te doen oor hulle beleving van die terapeutiese gesprek/proses. So kan

byvoorbeeld tydens 'n gesprek aan 'n persoon gevra word hoe hy/sy die sessie ervaar het en of dit waaroor gepraat is belangrik is in die persoon se lewe. Daar kan byvoorbeeld ook navraag gedoen word oor hoe vorige sessies 'n persoon se optrede en sy lewe beïnvloed het. Hierdie praktyk bied aan die student/terapeut die geleentheid om baie by sy/haar kliënte te leer oor die terapieproses en dit kan uiteraard 'n groot invloed uitoefen op 'n student se toekomstige werkswyse.


- Tydens gesprekke waarin die invloed van die gemeenskap/kultuur se dominante stories oor die aard van menswees op die kliënt se lewe verken word, word die student/terapeut opnuut bewus van die mag van sulke stories. Dit kan die student dwing om weer opnuut vir homself/haarself rekenskap te gee oor die mate waarin hy/sy deel het aan sulke praktyke in sy/haar lewe as mens en as terapeut.
- Die student moet bewus gemaak word van die unieke uitkomst wat voorkom in sy werk as terapeut. Sodoende sal hy/sy deurentyd bewus wees van veranderinge wat voorkom in sy/haar hantering van mense.

Volgens die spreker kan van die voorafgaande inligting wat handel oor die verhouding tussen student/terapeut en die kliënt, ook van toepassing gemaak word op die verhouding tussen die supervisor en die student.

In die tradisionele benadering van opleiding vervul die supervisor/dosent ook die rol van 'n ekspert in sy verhouding/optrede met die student (vgl. figuur 8). Dit kan lei tot 'n dun/arm beskrywing van die dosent se lewe as supervisor, want hy/sy sal twee lewens hê, een as mens en een as supervisor (vgl. figuur 8).

In die narratiewe opleidingsbenadering neem die dosent/supervisor nie hierdie ekspertposisie in nie en dit kan daartoe lei dat sy/haar lewe as mens en as supervisor nader aan mekaar is en dat sy/haar lewe as supervisor dan digter/ryker beskryf is (vgl. figuur 9).


FIGUUR 8: TRADISIONELE OPLEIDING: DOSENT SE LEWE AS MENS EN AS SUPERVISOR



In hierdie verband verwys die spreker graag na 'n persoonlike voorbeeld. Ek en my vrou het hierdie teddiebeer vir ons dogter gekoop toe sy 4 jaar oud was. Ons het die teddiebeer gekoop omdat sy ontstel is deur 'n dokumentêre rolprent waarin 'n bruinbeer voorgekom het, genaamd Makoes. Tydens gesinsterapiewerkwinkels met M-studente, waar rolspeler gebruik is, is Makoes gebruik om die kind in terapie voor te stel.

Ek het later beseft dat Makoes 'n eksistensie van my dogter geword het: ek het haar nabyheid begin ervaar tydens die werk waarin Makoes gebruik is. Makoes het ook 'n verdere betekenis vir my begin aanneem toe ek beseft het dat die denimpakkie wat hy aan het deur my seun gedra is toe hy ongeveer 1 jaar oud was.

FIGUUR 9: NARRATIEWE OPLEIDING: DOSENT SE LEWE AS MENS EN AS SUPERVISOR



Vanweë my belevinge het ek na die gesinsterapiewerkswinkel met die huidige M-studente gevra dat hulle hulle ervaringe oor Makoes se aanwesigheid en optrede tydens die werkswinkel op skrif stel. Die terugvoer was verrassend en uiters leersaam. Slegs twee van die studente se response sal voorgehou word, naamlik:

“Makoes showed me another side of Prof. Venter, the side that has a bit more of an emotional, warm side that is comforting and human” en “Dit het my baie nader aan Prof. laat voel. Dit het 'n meer, sagte, toepaslike kant van u gewys.”

Vanweë die terugvoer het ek besef dat ek moontlik geneig is om my sagtheid en warmte te verberg agter my humor en speelsheid wat ek dikwels in my verhoudings uitleef. Die insig het my lewe as supervisor en mens baie verryk, want ek is nou bedag daarop om my menswees meer bloot te stel in my werk as dosent/supervisor, maar ook in my persoonlike lewe.

IMPLIKASIE VIR NAVORSING

Daar sal vervolgens kortliks gelet word op die implikasies wat 'n narratiewe benadering het ten opsigte van navorsing.

Talle skrywers wys op die gevare van en etiese vrae oor narratiewe navorsing, want dié navorsing word as baie indringend beskou en kan maklik deelnemers se menslike waardigheid aantas. Talle redes word aangedui vir bogenoemde uitspraak, naamlik:

- Narratiewe navorsing is in 'n sekere opsig soortgelyk aan kwalitatiewe navorsing, maar daar is ook 'n duidelike verskil : in kwalitatiewe navorsing word daar slegs sekere dele van deelnemers se stories deurgegee, want die navorser is gewoonlik op soek na sekere patrone, maar by narratiewe navorsing word groter dele van deelnemers se stories weergegee en persone (en van hulle kennis) kan hulle maklik erken al word die inligting anoniem aangebied.
- Dit is onmoontlik om navorser-sydigheid te vermy, want tydens die seleksie, vereenvoudiging en verkorting van deelnemers se stories kan dié stories verander word, a.g.v. die navorser se interpretasie daarvan. Sodoende word die storievertellers wat die kenners van hulle lewens is se stories stil gemaak. 'n Ander dilemma wat hiermee saamhang, is dat die navorser uiteraard as 'n ekspert beskou word en daarom word sy/haar uitsprake as gesaghebbend beskou.
- Dit kan soms baie moeilik vir die navorser wees om die navorsingsproses te deurloop, want die intensiteit en traumatiese aard van deelnemers se stories word soms nie deur die navorser voorsien nie. 'n Goeie voorbeeld van die stryd wat 'n narratiewe navorser kan hê voor, tydens en selfs na sy navorsing is die van Baron, 'n Jood. Sy navorsing wat gehandel het oor die belewenisse van Duitse

kinders van Nazi-oorlogsmisdadigers het baie hoë, en soms onvoorsiene eise aan hom gestel.

- Die geskrewe woord het unieke mag en al is 'n navorser hoe taktvol en respekvol in sy optekening van gegewens kan taaluiting nooit 'n hele persoon omvat nie: deelnemers word sodoende gereduseer tot dit wat die gesproke en geskrewe woord kan bevat.
- 'n Groot dilemma is die vraag na hoe deelnemers beïnvloed word deur die navorsing waaraan hulle blootgestel word. Soos wat 'n mens sou kon verwag, is daar uiteenlopende wyses waarop persone beïnvloed kan word. Dit is kommerwekkend dat persone soms op onvoorsiene en negatiewe wyse reageer op die navorsingsingreep en die rapportering van hulle stories. Soveel so, dat die skade wat berokken word nie reggestel kan word nie.
- Daar bestaan by navorsers onsekerheid oor watter tipe vroeë geoorloof is tydens narratiewe navorsing, veral ten opsigte van die sogenaamde minderheidsgroepe. Persone se privaatheid kan maklik onwetend geskend word deur vroeë wat fokus op dimensies van hulle lewens wat deur hulle groep as privaat/persoonlik beskou word.
- 'n Kernvraag is in watter mate deelnemers persoonlik verryk word deur hulle deelname aan navorsing. Volgens die tradisionele navorsingswyse word dit as belangrik en genoegsaam beskou dat deelnemers nie slegter daaraan toe moet wees na die navorsing as voor dit nie. Dit laat die vraag ontstaan waarom Psigologie, met die inherente potensiaal om persone se lewens te verryk, nie positiewe doelwitte stel vir navorsing nie en waarom Psigologiese navorsing die potensiaal het om destruktief te wees vir die deelnemers wat daaraan verbode is.
- Tydens narratiewe navorsing word die navorser gekonfronteer met allerlei professionele druk wat die deurdagte en etiese afhandeling van die navorsing kan belemmer. So byvoorbeeld kan 'n navorsingspublikasie verdrag word as 'n navorser deurentyd by die deelnemers toestemming moet kry oor sy interpretasies van hulle stories. Indien van die deelnemers wysigings sou aanvra, kan dit daartoe lei dat daar nie by sekere tydskedules van byvoorbeeld beursinstansies of publikasierade gehou word nie. So iets word in die akademiese wêreld as onaanvaarbaar beskou. 'n Verdere dilemma is dat sekere persone die

kredietwaardigheid van anonieme navorsingsdata bevestigte en dat publikasie sterk druk kan uitoefen om wel persone se name te publiseer.

In die lig van die voorafgaande is dit duidelik dat narratiewe navorsing besondere uitdagings aan die navorser stel. Skrywers is van mening dat die volgende sake belangrik is vir 'n suksesvolle navorsingsprosedure, naamlik:

- Die projek moet vooraf deeglik aan die deelnemers verduidelik word, maar dit moet beklemtoon word dat dit 'n dinamiese proses is waarvan die uitkoms nie geantisipeer of verseker kan word nie.
- Die deelnemers se deelname en belangstelling moet deurgaans bevestig word.
- Die navorser moet 'n situasie skep waardeur die deelnemers hulle ten volle kan uitdruk. Hulle moet voel dat hulle stories gehoor en verstaan word, want so 'n proses is eties.
- Die deelnemers moet vooraf ingelig word dat alhoewel hulle hele storie gehoor gaan word dit mag gebeur dat slegs sekere dele daarvan gebruik sal word.
- Afskrifte van die dele wat gebruik gaan word, asook die interpretasie van die navorser, moet aan die deelnemers gestuur word vir hulle goedkeuring en moontlike verandering. Indien die navorser vooraf besluit om die outoriteit te neem vir die interpretasie van die data moet hy dit uitklaar met die deelnemers.
- Planne moet beraam word om die deelnemers se anonimiteit te verseker.

Nieteenstaande die talle dilemmas betrokke by narratiewe navorsing en die hoë eise wat die tipe navorsing aan die navorser stel, is skrywers dit eens dat dit 'n uiters bevredigende en verrykende proses is. Volgens Miller het hy elke onderhoud toenemend met 'n gevoel van respek en verwondering benader en was hy dankbaar vir die geleentheid om so intiem betrokke by elke persoon te wees. Voor elke gesprek was daar 'n angstige afwagting vir wat hy moontlik kan ontdek en hy het telkens na elke gesprek geïnspireerd, nederig en verryk gevoel. Hy het al hoe meer begin voel soos 'n opsigter van iets wat baie spesiaal is. Rosenwald meen dat narratiewe navorsing 'n higiëniese proses is, amper soos gimnastiek, dit verbeter die navorser wat daaraan deelneem.

Volgens Josselson moet die narratiewe navorser deurgaans die korrekte gesindheid handhaaf. Sy som dié gesindheid so op: "Yet I would worry most if I ever stopped

worrying, stopped suffering for the disjunction that occurs when we try to tell an other's story. To be uncomfortable with this work, I think, protects us from going too far."

TEN SLOTTE

Uiteraard is bogenoemde inligting oor die stories waarbinne ons leef en die implikasies daarvan vir psigoterapie, opleiding en navorsing my dominante storie oor die narratiewe benadering in die Psigologie. Ek is maar te bewus daarvan dat daar talle ander alternatiewe stories daaroor bestaan en ek neem my voor om dit in die toekoms toenemend in my huidige storie te ontdek en te integreer. Daar sal ook gepoog word om die narratiewe benadering toenemend met talle van die meer tradisionele benaderings in die Psigologie te integreer.

BRONNELYS

AGRONICK, G.E. & HELSON, R. 1996. Who benefits from an examined life? Correlates of influence attributed to participation in a longitudinal study. (In Josselson, R., red. Ethics and process in the narrative study of lives. Vol. 4. Thousand Oaks, California : Sage Publications, Inc. p. 80-96.)

APTER, T. 1996. Expert witness: Who controls the psychologist's narrative? (In Josselson, R., red. Ethics and process in the narrative study of lives. Vol. 4. Thousand Oaks, California : Sage Publications, Inc. p. 22-44.)

ANDERSON, H. & GOOLISHIAN, H.A. 1988. Human systems as linguistic systems : Preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. *Family Process*, 27(4): 371-393.

BAKAN, D. 1996. Some reflections about narrative research and hurt and harm. (In Josselson, R., red. Ethics and process in the narrative study of lives. Vol. 4. Thousand Oaks, California : Sage Publications, Inc. p. 3-8.)

BAR-ON, D. 1996. Ethical issues in biographical interviews and analysis. (In Josselson, R., red. Ethics and process in the narrative study of lives. Vol. 4. Thousand Oaks, California : Sage Publications, Inc. p. 9-21.)

CHASE, S.E. 1996. Personal vulnerability and interpretive authority in narrative research. (In Josselson, R., red. Ethics and process in the narrative study of lives. Vol. 4. Thousand Oaks, California : Sage Publications, Inc. p. 45-59.)

DE SHAZER, 1991. Putting difference at work. New York : W.W. Norton & Company.

- DOAN, 1998. The king is dead ; long live the king : Narrative therapy and practising what we preach. *Family Process*, 37(3): 379-385.
- ETTER-LEWIS, G. 1996. Telling from behind her hand : African American women and process of documentary concealed lives. (In Josselson, R., red. Ethics and process in the narrative study of lives. Vol. 4. Thousand Oaks, California : Sage Publications, Inc. p. 114-128.)
- GERGEN, M.M. & GERGEN, K.J. 1984. The social construction of narrative accounts. (In Gergen, K.J. & Gergen, M.M.,reds. Historical social psychology. Hillsdale : Lawrence Erlbaum Associates.)
- GRAVES, P.L. 1996. Narrating a psychoanalytic case study. (In Josselson, R., red. Ethics and process in the narrative study of lives. Vol. 4. Thousand Oaks, California : Sage Publications, Inc. p. 72-79.)
- HOFFMAN, L. 1990. Constructing realities : An art of lenses. *Family Process*, 29(1): 1-12.
- JOSSELSON, R. 1996. On writing other people's lives: Self-analytic reflections of a narrative researcher. (In Josselson, R., red. Ethics and process in the narrative study of lives. Vol. 4. Thousand Oaks, California : Sage Publications, Inc. p. 60-71.)
- KVALE, S. 1992. Introduction: From the archaeology of psyche to the architecture of cultural landscapes. (In Kvale, S., red. Psychology and Postmodernism. London : Sage Publications.)
- MILLER, M.E. 1996. Ethics and understanding through interrelationship: I and thou in dialogue. (In Josselson, R., red. Ethics and process in the narrative study of lives. Vol. 4. Thousand Oaks, California : Sage Publications, Inc. p. 129-150.)
- PARRY, A. 1991. A universe of stories. *Family Process*, 30(1): 37-54.
- POCOCK, D. 1997.<http://www.poey.demon.co.uk/>
- ROSENWALD. G.C. 1996. Making whole: Method and ethics in mainstream and narrative psychology. (In Josselson, R., red. Ethics and process in the narrative study of lives. Vol. 4. Thousand Oaks, California : Sage Publications, Inc. p. 245-274.)
- SLUZKI, C.E. 1992. Transformations : A blueprint for narrative changes in therapy. *Family Process*, 31(3):217-230.
- STRAND, P.S. 1997. Toward a developmentally informed narrative therapy. *Family Process*, 36(4): 325-339.
- WHITE, M. 1991. Deconstruction and therapy. (In White, C., red. Post-modernism, deconstruction and therapy. Adelaide : Dulwich Centre Publications.
- WHITE, M. 1995. Re-authoring lives. Adelaide : Dulwich Centre Publications.

WHITE, M. 1997. Narratives of therapists' lives. Adelaide : Dulwich Centre Publications.

WHITE, M. & EPSTON, D. 1990. Narrative means to therapeutic ends. New York : W.W. Norton & Company.

WIDDERSHOVEN, G.A.M. & SMITS, M-J. 1996. Ethics and narratives. (In Josselson, R., *red.* Ethics and process in the narrative study of lives. Vol. 4. Thousand Oaks, California : Sage Publications, Inc. p. 275-288.)

ZIMMERMAN, J.L. & Dickerson, V.C. 1994. Using a narrative metaphor : Implications for theory and clinical practice. *Family Process*, 33(3): 233-245.